ongeouditeerde finansiële resultate

vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 2020

CAPITEC BANK HOLDINGS LIMITED

↓78%
tot 562 sent
Wesensverdienste per aandeel

↓78%
tot R650 miljoen
Wesensverdienste

97%
Netto transaksiefooi- en begrafnisplan inkomste tot bedryfsuitgawes



COVID-19-uitdagings

Danksy die behendigheid voortspruitend uit ons grondstellings kon Capitec die uitdagings van die COVID-19-pandemie die hoof bied. Ons grondbeginsels van vereenvoudigde, toeganklike bankdienste wat die kliënt vooropstel, het dit vir ons moontlik gemaak om vinnig aan te pas by die steeds veranderende toestande wat tydens die COVID-19 nasionale grendeltydperk die lewens en lewensbestaan van Suid-Afrikaners geraak het. In hierdie tyd kon ons verligting aan kliënte bied, die werksekerheid van ons werknemers verseker en strategieë implementeer om Capitec se toekoms te beveilig.

Betalingsverligting is aan kliënte gebied en sekere transaksiefooie is verlaag. Werknemers het hul volle salarisse ontvang en daar was geen personeelvermindering nie. Vyftig persent van takke was vanaf die begin van die nasionale grendeltydperk oop en namate die beperkings opgehef is, het meer takke heropen. Tans is alle takke oop. Oproepsentrums is weg van die kantoor af bedryf, en werknemers wat nie regstreeks met kliënte skakel nie, het van die huis af gewerk.

Capitec sal in die komende tydperk lewenskragtig en behendig bly en by die veranderinge in die ekonomiese en gesondheids omgewing aanpas soos dit plaasvind. Ons het ten volle voorsiening gemaak vir die verwagte impak van die grendeltydperk op die kredietboek.

Wesensverdienste

Wesensverdienste vir die 6-maandetydperk geëindig Augustus 2020 was R650 miljoen – 'n vermindering van 78% vanaf R2.9 miljard vir die tydperk geëindig Augustus 2019. Kleinhandelbankdienste het wesensverdienste van R701 miljoen aangeteken en besigheidsbankdienste 'n verlies van R47 miljoen. Die afskrywing van ontasbare bates wat ontstaan het met die verkryging van Mercantile Bank het tot gevolg gehad dat wins met R4 miljoen verminder het.

Die resultate is gedryf deur die impak van die grendeltydperk op alle areas van die besigheid. Weens COVID-19 het kredietafskrywingskoste gestyg en was leningsverkope en transaksievolumes laer as waarvoor begroot is. Aktiewe kliënte vir die groep het egter vanaf 13.9 miljoen aan die einde van Februarie 2020 met 0.8 miljoen toegeneem tot 14.7 miljoen aan die einde van Augustus 2020. Bedryfsinkomste (voor netto kredietafskrywings) het gevolglik met 10% gestyg in vergelyking met die 6 maande geëindig Augustus 2019 en het R11.0 miljard beloop (Augustus 2019: R10.0 miljard).

Netto transaksiefooie en begrafnisinkomste het 97% van bedryfsuitgawes (Augustus 2019: 91%) gedek en 86% van netto inkomste (Augustus 2019: 46%) verteenwoordig.

Kleinhandelbankdienste

Kliënte

Ondanks die impak van COVID-19 het die aantal aktiewe kleinhandelkliënte met 6% gegroei tot 14.6 miljoen in vergelyking met 13.8 miljoen aan die einde van Februarie 2020. Ons kliëntebasis het met 2.0 miljoen gegroei vergeleke met Augustus 2019. Die inkomste van bankkliënte is negatief deur die grendeltydperk geraak en het in April 2020 met 25% gedaal in vergelyking met Maart 2020. Teen Augustus 2020 was inkomste weer op die vlakke van Maart 2020.

Transaksies

Netto transaksiefooi-inkomste het met 3% gestyg vanaf R3.5 miljard vir die 6 maande geëindig Augustus 2019 tot R3.6 miljard in Augustus 2020. Die kleiner as verwagte styging is te wyte aan die impak van die grendeltydperk op transaksievolumes én transaksiefooie, wat versag is deur die toename in die aantal aktiewe kliënte.

Capitec het op verskeie maniere verligting ten opsigte van transaksiefooie aan kliënte gebied. Die minimum handelaarrekeningsfooi en maandelikse kaartmasjienhuurgeld is kwytgeskeld vir Capitec-handelaars wat nie tydens die grendeltydperk sake kon doen nie. Capitec het deelgeneem aan bedryfsinisiatiewe vir kliënte wat kontant nodig gehad het en kwytskelding van kontantonttrekkingsfooie vir ontvangers van SASSA-toelaes en dieselfde onttrekkingsfooi as by 'n Capitec-OTM by enige ander bank se OTM aangebied.

Ons kliënte kan ook veilig bly en van die huis af bank met behulp van ons banktoepassing en voordeel trek uit laer transaksiefooie en geen datakoste. Teen die einde van Augustus 2020 het die gebruikers van ons banktoepassing 4 miljoen oorskry (2019: 2.9 miljoen) en USSD-gebruikers het tot 5.2 miljoen toegeneem (2019: 4.7 miljoen). Sekere kliënte gebruik die banktoepassing én USSD. Gemiddeld 7.3 miljoen kliënte het óf die banktoepassing, óf USSD, of albei per maand gebruik vir die tydperk Maart 2020 tot Augustus 2020. Digitale transaksies het vir die 6 maande geëindig Augustus 2020 met 52% gestyg.

Verkooppunttransaksies het tot 419 miljoen verminder (2019: 445 miljoen) – 'n afname van 6% ondanks 'n volumevermindering van 46% in April 2020 as gevolg van die grendeltydperk. Transaksievolumes vir Maart 2020 is minimaal geraak deur die grendeltydperk wat op 26 Maart 2020 van krag geword het, en het met 2.7% gedaal in vergelyking met Februarie 2020. Namate vlak 5 van die grendeltydperk voortgeduur het, het dit 'n groter impak op transaksievolumes gehad, wat in April 2020 28% laer was as in Maart 2020. In Mei 2020 het volumes stadig begin herstel en teen Augustus 2020 was dit 8% hoër as in Maart 2020.

Capitec Begrafnisplan

Begrafnisplaninkomste het met meer as 100% gestyg tot R350 miljoen (Augustus 2019: R107 miljoen). Ten spyte van die feit dat die aantal uitgereikte polisse minder was as wat voor die grendeltydperk verwag is, was daar 'n styging in gemiddelde premies en was die invorderingskoers goed. Voor die grendeltydperk is gemiddeld 100 000 polisse per maand uitgereik; tydens die grendeltydperk het dit verminder tot gemiddeld 74 000 per maand. In Augustus 2020, onder vlak 2 van die grendeltydperk, was die aantal uitgereikte polisse weer op die vlakke wat voor die grendeltydperk geheers het.

Ons toepassing vir die koop en instandhouding van 'n Capitec-begrafnisplan het die impak van die grendeltydperk op die uitreiking van polisse verminder. Gedurende die 6 maande geëindig Augustus 2020 is 21.5% van polisse via die toepassing uitgereik in vergelyking met 15.4% in die jaar geëindig Februarie 2020. Teen Augustus 2020 was die persentasie van polisse wat via die toepassing uitgereik is weer op dieselfde vlakke as voor die grendeltydperk.

Gedurende die afgelope 6 maande is meer as 440 000 begrafnispolisse uitgereik, wat die totale aantal polisse wat sedert bekendstelling uitgereik is op 2.1 miljoen te staan gebring het. Bestendigheid staan op 42% in vergelyking met 48% aan die einde van Februarie 2020 en weerspieël die impak van die grendeltydperk. Bestendigheid word bereken volgens die aantal polisse wat 3 maande ná die aanvangsdatum steeds aktief is.

Invorderingskoerse is goed danksy die doeltreffendheid van die invorderingstelsel. Invorderingskoerse het in Mei 2020 tot bo 80% gestyg en is steeds bo daardie vlak.

Spaar

Spaar word steeds aangemoedig deur die betaling van rente van dag 1 af op kliënte se spaarrekeninge. Gedurende hierdie tydperk van 6 maande het ons R2.2 miljard in rente uitbetaal op kleinhandeldagdeposito's, vastetermyn-deposito's en positiewe kredietkaartrekeninge (Augustus 2019: R2.3 miljard). 'n Daling van 2.75% in die repokoers sedert die begin van Maart 2020 het 'n vermindering van die rentekoerse wat op kliënte se deposito's betaalbaar is, genoodsaak. Tans verdien kliënte tussen 2.25% en 2.5% op lopende deposito's en tot 7.5% op vastetermyn-deposito's.

Gedurende vlak 5 van die grendeltydperk het kliëntebesteding afgeneem en kleinhandeldeposito's het aan die einde van April 2020 R99.8 miljard beloop. Aan die einde van Augustus 2020 het deposito's 'n totaal van R97.6 miljard bedra – 'n styging van 11% in vergelyking met Februarie 2020 (Februarie 2020: R87.5 miljard; Augustus 2019: R81.4 miljard).

Krediet

Leningsverkope en kredietkaartuitbetalings

In die weke voor die grendeltydperk het Capitec in die lig van die COVID-19-pandemie die kriteria vir die toestaan van lenings hersien, en met die aanvang van die grendeltydperk was die reëls vir lenings reeds strenger. Kriteria is aangepas volgens die verwagte impak van die grendeltydperk op bedryfs-, werkgewer- en kliënte-inkomstegroepe. Gevolglik was leningsverkope vir die 6-maandetydperk 35% laer as vir die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar en 56% laer in vergelyking met die 6 maande geëindig Februarie 2020. Kredietkaartuitbetalings het met 20% gedaal in vergelyking met die 6 maande geëindig Februarie 2020 maar was 6% hoër as in die vorige tydperk. Die grendeltydperk en die bekendstelling van die toegangsfasiliteit het 'n negatiewe impak op termynlenings gehad, wat 64% laer was in vergelyking met die 6 maande geëindig Februarie 2020 en 59% laer in vergelyking met die 6 maande geëindig Augustus 2019.

Die toegangsfasiliteit is in Mei 2020 bekendgestel en bied kliënte 'n alternatief vir tradisionele termynlenings. Party kliënte wat voorheen tot 'n termynlening beperk is, kwalifiseer nou vir 'n fasiliteit. Verkope van termynlenings van 1-6 maande is vervang deur verkope van fasilitiete teen laer rentekoerse. Die fasiliteit bied kliënte wentelkrediet van tot R250 000 met rentekoerse wat aan die prima koers gekoppel is en 'n terugbetalingstermyn van tot 60 maande. Hierdie produk weerspieël ons grondbeginsels aangesien dit bekostigbaar is, kliënte net daarvoor betaal wanneer hulle dit gebruik, en geen aanvangsfooi, rente of maandelikse diensfooi gehef word as die fasiliteit nie gebruik word nie. Dit pas aan by kliënte se behoeftes: kliënte kan bykomende terugbetalings doen en die terugbetalingsbedrag verminder of die terugbetalingstermyn verkort. Uitbetalings van die produk het R1.5 miljard beloop – 13% van totale verkope.

Namate die grendeltydperk verslap is en ekonomiese bedrywigheid geleidelik toegeneem het, is die kriteria vir die toestaan van lenings ook op grond van die impak van die grendeltydperk op individuele sektore van die ekonomie verslap.

Netto kredietafskrywingskoste

Alhoewel leningskriteria verskerp is, is verligting ook gebied aan kliënte wat deur die grendeltydperk geraak is. Hierdie verligting het die vorm aangeneem van betalingsvakansies en herskedulerings met veranderlike betalings. COVID-19-herskedulerings het saldo's van altesaam R7.5 miljard bedra. Betalingsvakansies is toegestaan op saldo's van altesaam R5.5 miljard en herskedulerings met veranderlike betalings is toegestaan op saldo's ter waarde van R2.0 miljard. Die meeste van hierdie herskedulerings het tussen Maart en Julie 2020 plaasgevind.

Die kliënte wat vir COVID-19-herskedulerings gekwalifiseer het, was aan die einde van Februarie 2020 op datum en het minder risiko ingehou as kliënte wat in die gewone verloop van sake herskeduleer. Groter voorsiening word vir hierdie herskeduleerde saldo's gemaak as vir lenings wat in fase 1 op datum is en lenings in fase 2 wat verhoogde kredietrisiko (SICR) toon.

Die bykomende voorsiening vir hierdie herskedulerings is die hoofaandrywer van die bruto afskrywingskoste vir die 6 maande, soos aangetoon in die onderstaande tabel. Aan die einde van Augustus 2020 was die totale voorsiening wat vir COVID-19-herskedulerings in fase 2 en fase 3 gemaak is, R1.8 miljard.

COVID-19 en die grendeltydperk het ook 'n impak gehad op Capitec se vooruitskouing van die ekonomie. Ons siening is gegrond op 'n skatting van die impak van die grendeltydperk op die verskillende sektore van die ekonomie. Op grond van ons vooruitskouing sluit die bruto kredietafskrywing vir die 6 maande 'n koste van R1.1 miljard in.

In ag genome die impak daarvan op die leningsboek het die grendeltydperk R4.2 miljard bygedra tot die bruto afskrywingskoste van R6.3 miljard vir die 6 maande geëindig Augustus 2020.

Die onderstaande tabel toon die verandering in afskrywings, beweging in voorsiening vir kredietafskrywings en verhaalde slegte skuld aan.

		Aug 2020	Feb 2019	Aug 2019
Slegte skuld afgeskryf	R'm	**2 884**	3 007	2 099
Beweging in voorsiening vir kredietafskrywing	R'm	**3 412**	(187)	704
Bruto kredietafskrywingskoste[(1)]	R'm	**6 296**	2 820	2 803
Slegte skulde verhaal	R'm	**(475)**	(575)	(688)
Netto kredietafskrywingskoste	R'm	**5 821**	2 245	2 115

[(1)] *Weens IFRS 9 word die kredietafskrywingskoste op 'n netto grondslag erken vir alle lenings geklassifiseer as fase 3, wat die rente-inkomste en die kredietafskrywingskoste vir die tydperk met R930 miljoen verminder (Augustus 2019: R764 miljoen).*

Leningsboek

Die bruto leningsboek het van R65.4 miljard aan die einde van Februarie 2020 tot R63.4 miljard aan die einde van Augustus 2020 gekrimp aangesien leningsverkope en uitbetalings deur die terugbetalings oorskry is.

	Fase 1	Fase 2		Fase 2 en 3	Fase 3				
R'm	Op datum	Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuldhersiening >6 maande	Tot 1 maand agterstallig	Op-datum COVID-19-herskedulerings	2 en 3 maande agterstallig	Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer)	Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer)	Meer as 3 maande agterstallig, regstatus, en aansoek gedoen om skuldhersiening <6 maande	Totaal
Saldo op 31 Augustus 2020									
Bruto lenings en voorskotte	**37 257**	**4 586**	**686**	**5 466**	**2 057**	**2 880**	**2 359**	**8 106**	**63 397**
Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)	**(3 303)**	**(1 103)**	**(382)**	**(1 762)**	**(1 603)**	**(1 192)**	**(1 214)**	**(7 207)**	**(17 766)**
Netto lenings en voorskotte	**33 954**	**3 483**	**304**	**3 704**	**454**	**1 688**	**1 145**	**899**	**45 631**
ECL-dekking (%)	**8.9**	**24.1**	**55.7**	**32.2**	**77.9**	**41.4**	**51.5**	**88.9**	**28.0**
% van totale bruto lenings en voorskotte	**58.8**	**7.2**	**1.1**	**8.6**	**3.2**	**4.6**	**3.7**	**12.8**	**100.0**
Saldo op 29 Februarie 2020									
Bruto lenings en voorskotte	48 311	4 446	1 172	–	1 550	1 130	1 471	7 358	65 438
Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)	(3 304)	(1 061)	(651)	–	(1 130)	(455)	(567)	(6 257)	(13 425)
Netto lenings en voorskotte	45 007	3 385	521	–	420	675	904	1 101	52 013
ECL-dekking (%)	6.8	23.9	55.5		72.9	40.3	38.5	85.0	20.5
% van totale bruto lenings en voorskotte	73.8	6.8	1.8		2.4	1.7	2.3	11.2	100.0
Saldo op 31 Augustus 2019									
Bruto lenings en voorskotte	45 311	3 284	856	–	1 305	1 009	1 496	6 991	60 252
Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)	(2 916)	(844)	(494)	–	(1 076)	(442)	(627)	(6 450)	(12 849)
Netto lenings en voorskotte	42 395	2 440	362	–	229	567	869	541	47 403
ECL-dekking (%)	6.4	25.7	57.7		82.5	43.8	41.9	92.3	21.3
% van totale bruto lenings en voorskotte	75.2	5.4	1.4		2.2	1.7	2.5	11.6	100.0

Saldo's tussen 1 en 3 maande agterstallig was stabiel op R2.7 miljard in vergelyking met Februarie 2020 (Augustus 2019: R2.2 miljard). Saldo's meer as 3 maande agterstallig (insluitend skuldhersiening en oorhandigde lenings) het R8.1 miljard beloop vergeleke met R7.4 miljard aan die einde van Februarie 2020 (Augustus 2019: R7.0 miljard). Die dekkingsverhouding op hierdie lenings het gestyg tot 88.9% vanaf 85.0% aan die einde van Februarie 2020 (Augustus 2019: 92.3%). Die voorsieningspersentasie is hoër as in Februarie 2020 weens die vooruitskouende ekonomiese voorsieningsaanpassing.

COVID-19-herskedulerings het aan die einde van Augustus 2020 R5.5 miljard beloop en voorsiening van 32.2% is daarvoor gemaak. Die eerste betalings op die COVID-19-betalingsvakansieherskedulerings het in Julie en Augustus 2020 plaasgevind. Die sukseskoers van betalings op betalingsvakansieherskedulerings het 80% oorskry. Betalings op veranderlike herskedulerings het in April 2020 'n aanvang geneem en die sukseskoers op hierdie herskedulerings was meer as 90%.

Gedurende Augustus 2020 het kredietkliënte gemiddeld dieselfde salarisse as in Maart 2020 ontvang. Dit het bygedra tot die stabiliteit van agterstallige saldo's en die toename in lenings van meer as 3 maande agterstallig beperk.

Kredietlewensversekering

Capitec genereer versekeringsinkomste op die kredietlewenspolisse uitgereik aan leningskliënte. Ingevolge hierdie polisse word kliënte verseker teen die risiko van aflegging, dood, permanente of tydelike ongeskiktheid en die onvermoë om 'n inkomste te verdien.

Die COVID-19-pandemie het die risiko van dood en aflegging in Suid-Afrika verhoog. Die groep kon gevolglik nie hernuwings bevredigend onderhandel voor die verstryking van die herversekering wat tot die einde van April 2020 in plek was nie. Dit beteken dat Capitec verantwoordelik is vir doods- en afleggingseise met 'n sterf- of afleggingsdatum ná 30 April 2020. Alle geldige eise met 'n sterf- of afleggingsdatum voor 1 Mei 2020 sal deur die herversekeraar uitbetaal word. Die groep het egter die volle leningsboek vir sterftevoorvalle vanaf 1 Augustus 2020 herverseker.

Totale eise wat verband hou met afleggings wat tussen 1 Maart en 30 April 2020 plaasgevind het en deur die herversekeraars uitbetaal is, het R187 miljoen beloop. Capitec het vir die ooreenstemmende tydperk herversekeringspremies ter waarde van R98 miljoen betaal. Vanaf 1 Mei 2020 het Capitec nie meer herversekeringspremies betaal nie maar aanspreeklik geword vir die uitbetaling van eise. Eise wat Capitec met betrekking tot afleggings uitbetaal het, het R194 miljoen beloop vir die 4 maande geëindig Augustus 2020. Daar was in Junie 2020 'n toename in die totale aantal eise wat vir afleggings uitbetaal is. Daarna het die aantal eise afgeplat.

Gedurende die periode van herversekering is die voorsiening vir eise deur die herversekeraar in stand gehou. Omdat Capitec nie meer herversker is nie word 'n voorsiening vir gebeurtenisse nog nie gerapporteer gehou teen die einde van Augustus 2020. Versekeringsinkomste in die inkomstestaat vir die 6-maandetydperk is netto van voorsieningskoste van R226 miljoen ten opsigte van afleggingsrisiko.

In reaksie op die groter risiko van afleggings wat deur die grendeltydperk veroorsaak is, is kredietlewensversekeringspremies (wat ook afleggings dek) met ingang van Mei 2020 vir nuwe leningsverkope en met ingang van Julie 2020 vir die res van die leningsboek verhoog.

Koste-inkomste-verhouding

Weens 'n fokus op die beperking van koste is bedryfsuitgawes 2% laer as in die 6 maande geëindig Augustus 2019. Die kleinhandel koste-inkomste-verhouding is 38% in vergelyking met 40% aan die einde van Augustus 2019. Die strenger vlakke van die grendeltydperk het 'n afname in die vraag na kontant veroorsaak en gevolglik het die kontanthanteringskoste vir die 6-maandetydperk verminder. Die kostevermindering sal na verwagting nie weer in die tweede helfte van die finansiële jaar voorkom nie omdat die vraag na kontant teen Augustus 2020 teruggekeer het na die vlak wat voor die grendeltydperk geheers het. Alhoewel salarisverhogings toegestaan is, is die groei in indiensnemingskoste beperk deur laer aansporings. Datakoste en die koste van die huur van toerusting het gestyg omdat werknemers van die huis af werk.

Koste is verder beperk deur die opening van nuwe takke tydens die grendeltydperk uit te stel.

Besigheidsbankdienste

Sedert die verkryging van Mercantile Bank in November 2019 bied Capitec 'n besigheidsbankoplossing aan gevestigde klein tot mediumgrootte-ondernemings en entrepreneurs. Mercantile gee Capitec die geleentheid om 'n digitaal-geleide bankoplossing, wat op dieselfde grondbeginsels as ons kleinhandelbankoplossing gebaseer is, aan hierdie kliënte te bied.

Tans word die kleinhandel- en besigheidsbank onafhanklik van mekaar bedryf terwyl ons ons besigheidsbankstrategie verfyn en die besigheidsbankafdeling uitbou.

Vir die 6 maande geëindig Augustus 2020 het die besigheidsbank R314 miljoen in netto lenings- en beleggingsinkomste bygedra. Netto transaksie-inkomste en buitelandse valuta-inkomste het onderskeidelik R230 miljoen en R47 miljoen beloop.

Besigheidsbankkliënte is deur die grendeltydperk geraak en Mercantile Bank het hulp verleen met kredietherstrukturering om hul kontantvloei en volhoubaarheid te ondersteun. Aan die einde van Augustus 2020 het COVID-19 herskeduleerde saldo's R406.1 miljoen beloop. Dit verteenwoordig 3.9% van die kredietboek. Voorsiening van 11.3% vir verwagte kredietverliese op hierdie herstruktureerde saldo's het bygedra tot die totale netto kredietafskrywingskoste van R265.0 miljoen vir die 6 maande geëindig Augustus 2020. Dieselfde filosofie van konserwatiewe voorsiening vir kredietverliese word deur die besigheidsbank- en kleinhandelbankafdelings toegepas.

Aan die einde van Augustus 2020 het die bruto leningsboek R10.5 miljard beloop met 'n voorsieningsdekkingsverhouding van 5.5% in vergelyking met 3.0% aan die einde van Februarie 2020.

Op 31 Augustus 2020 is R500 miljoen van die totale fasiliteit van R1 miljard wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank ten opsigte van die COVID-19-waarborgskema goedgekeur het, aan kliënte toegestaan.

In Augustus 2020 het deposito's R12.8 miljard bedra en bestaan uit R8.1 miljard in lopende deposito's, R3.7 miljard in vastetermyn-deposito's en R946 miljoen in deposito's in buitelandse valuta. Totale deposito's was 5% hoër as in Februarie 2020.

Kapitaal en likiditeit

Ons is steeds goed gekapitaliseer met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 30.4% vir die groep vergeleke met 30.5% aan die einde van Februarie 2020 (Augustus 2019: 34%).

Ons voldoen gemaklik aan die Basel 3-likiditeitsdekkingsverhouding (LCR) asook die netto stabiele befondsingsverhouding (NSFR). Ons LCR is 1 850% en die NSFR 219%. Die regulatoriese vereiste minimum NSFR is 100% en die vereiste LCR 80%.

Ten einde ons kapitaalposisie te behou en aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank se riglyn te voldoen, is geen finale gewone dividend vir die 2020 finansiële jaar en geen tussentydse gewone dividend vir die tydperk geëindig Augustus 2020 verklaar nie.

Kredietgraderings

S&P Global Ratings het op 7 Mei 2020 die soewereine gradering tesame met die graderings van Capitec en ander Suid-Afrikaanse banke met stabiele vooruitsigte verlaag. Ons het 'n internasionale langtermyngradering van BB- en 'n internasionale korttermyngradering van B. Die Suid-Afrikaanse nasionale langtermyngradering is zaAA en die korttermyngradering zaA-1+.

Vooruitsigte

Ekonomiese toestande sal na verwagting op die korttermyn verbeter, maar die volle impak van die grendeltydperk sal eers op die medium-termyn duidelik word. Daar word verwag dat diegene in die hoë-inkomstegroep gouer sal herstel as diegene in die lae-inkomstegroep en ons verwag dus dat die kredietmark steeds op die medium-termyn deur die grendeltydperk geraak sal word.

Ekonomiese toestande word per sektor gemonitor en die inligting word gebruik om kriteria vir kredietverlening en betalingsverligting deurlopend aan te pas. Ons fokus daarop om die koste van krediet vir ons kliënte te verlaag, hul ervaring te verbeter en hulle tot positiewe kredietgedrag te motiveer.

Die betalingsprestasie van die COVID-19 herskeduleerde lenings is bemoedigend, maar betalingsukseskoerse vorentoe sal die medium- tot langtermynimpak van die grendeltydperk op ons kliënte aantoon. Ons verwag dat hierdie impak verlig sal word deur die kliënte wat in noodsaaklike dienste werksaam is, wat 60% van ons presterende leningsboek uitmaak. Voorsiening vir kredietverlies bly konserwatief en ons het volle voorsiening gemaak vir ons verwagting van toekomstige verwikkelinge.

Namate die beperkings opgehef is, het transaksievolumes en inkomste begin terugkeer na die vlakke wat voor die grendeltydperk geheers het. Ons verwag voortgesette groei in die aantal bankkliënte van gehalte, wat transaksievolumes en inkomste sal ondersteun.

Digitale innovasie in alle areas van die besigheid en die bou van die besigheidsbank van die toekoms is 'n prioriteit. Ons sal voortgaan om in die veranderende behoeftes van ons kliënte te voorsien deur nuwe produkte bekend te stel. Sommige werknemers sal steeds van die huis af werk en geleidelik en verantwoordelik na die werkplek terugkeer. Ons grondbeginsels sal die grondslag van ons strategieë bly.

Noue samewerking tussen die regering en die privaat sektor is nodig om Suid-Afrika se ekonomie te laat groei.

Verandering in die samestelling van die direksie

Kabelo Makwane het op 28 September 2020 as direkteur bedank. Ons spreek ons waardering uit vir die bydrae wat hy gelewer het. Cora Fernandez, Stan du Plessis en Vusi Mahlangu is op 28 September 2020 aangestel as direkteure.

Dividend

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het op 6 April 2020 Riglynnota 4/2020 gepubliseer waarin banke versoek word om met omsigtigheid op te tree om kapitaal te bewaar en op finansiële en ekonomiese stabiliteit te fokus. Dit was weens die afwesigheid van toepaslike feitelike inligting om die volle impak van die COVID-19-pandemie op die Suid-Afrikaanse ekonomie te bepaal. In die riglynnota is 'n duidelike verwagting uitgespreek dat banke nie gedurende 2020 gewone dividende moet verklaar nie. Die direksie het die Reserwebank se leiding oorweeg en besluit om nie 'n tussentydse gewone dividend te verklaar nie.

PSG-ontbondeling van belang in Capitec

Die PSG Groep het gedurende die huidige jaar sy besluit aangekondig om 'n belang van 28.1% in Capitec te ontbondel. Die ontbondeling het tot gevolg gehad dat PSG deur sy filiaal PSG Finansiële Dienste 'n belang van 2.8% in Capitec behou. Ons wil die PSG Groep graag bedank vir hul ondersteuning sedert Capitec se ontstaan.

Namens die direksie

Santie Botha
Voorsitter

Gerrie Fourie
Hoof Uitvoerende Beampte

Stellenbosch, 30 September 2020

Hoofaanwysers van prestasie

Groep*			6 maande geëindig Augustus 2020	2019	Vernadering % 2020/2019	Jaar geëindig Februarie 2020
Winsgewendheid						
Rente-inkomste op lenings[(1)]		R'm	**6 712**	6 443	4	13 552
Rente-inkomste op beleggings		R'm	**1 692**	1 681	1	3 489
Totale rente-inkomste		R'm	**8 404**	8 124	3	17 041
Netto leningsfooi- en versekeringsinkomste		R'm	**966**	859	12	1 871
Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste minus leningsfooikoste		R'm	**9 370**	8 983	4	18 912
Rente betaal		R'm	**(2 652)**	(2 677)	(1)	(5 680)
Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste		R'm	**6 718**	6 306	7	13 232
Netto transaksiefooi-inkomste		R'm	**3 870**	3 529	10	7 416
Ander inkomste		R'm	**7**	11	(27)	32
Buitelandse valuta-inkomste		R'm	**47**	–		38
Begrafnisplaninkomste		R'm	**350**	107	>100	413
Inkomste uit bedrywighede		R'm	**10 992**	9 953	10	21 131
Kedietafskrywingskoste[(1)]		R'm	**(6 086)**	(2 115)	>100	(4 474)
Netto inkomste		R'm	**4 906**	7 838	(37)	16 657
Inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings		R'm	**(20)**	(3)	>100	11
Bedryfsuitgawes		R'm	**(4 348)**	(4 003)	9	(8 612)
Inkomste voor belasting		R'm	**538**	3 832	(86)	8 056
Belasting		R'm	**86**	(879)		(1 805)
Voorkeurdividend		R'm	**(2)**	(4)	(50)	(7)
Diskonto op terugkoop van voorkeuraandele		R'm	**(1)**	(1)	–	(1)
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers						
Basiese verdienste		R'm	**621**	2 948	(79)	6 243
Wesensverdienste		R'm	**650**	2 943	(78)	6 277
Netto transaksiefooi- en begrafnisplaninkomste tot netto inkomste		%	**86**	46		47
Netto transaksiefooi- en begrafnisplaninkomste tot bedryfsuitgawes		%	**97**	91		91
Koste-inkomste-verhouding[(1)]		%	**40**	40		41
Opbrengs op gewone aandeelhoursekwiteit		%	**5**	28		28
Verdienste per aandeel						
Toeskryfbare verdienste		sent	**537**	2 549	(79)	5 400
Wesensverdienste		sent	**562**	2 545	(78)	5 428
Verwaterde toeskryfbare verdienste		sent	**537**	2 545	(79)	5 391
Verwaterde wesensverdienste		sent	**562**	2 540	(78)	5 420
Dividende per aandeel						
Tussentydse		sent	**–**	755		755
Finale		sent				–
Totale		sent				755
Dividenddekking		keer				7.2
Bates						
Netto lenings en voorskotte		R'm	**55 517**	47 403	17	62 043
Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste[(2)]		R'm	**74 545**	57 125	30	59 439
Finansiële instrumente teen billike waarde deur middel van wins en verlies		R'm	**2 049**	–		1 504
Finansiële bates – ekwiteitsinstrumente teen billike waarde deur middel van ander omvattende inkomste		R'm	**70**	100	(30)	101
Gebruiksregbates (IFRS 16)		R'm	**2 225**	2 470	(10)	2 460
Ander		R'm	**8 055**	4 885	65	7 153
Lopende inkomstebelastingbate		R'm	**8**	–		5
Uitgestelde inkomstebelastingbate		R'm	**2 051**	1 613	27	1 863
Totale bates		R'm	**144 520**	113 596	27	134 568
Laste						
Deposito's en groothandelbefondsing		R'm	**113 049**	85 324	32	103 343
Huurkontrak (IFRS 16)		R'm	**2 609**	2 711	(4)	2 795
Ander		R'm	**2 750**	2 358	17	2 835
Lopende inkomstebelasting-aanspreeklikheid		R'm	**18**	27	(33)	14
Totale laste		R'm	**118 426**	90 420	31	108 987
Ekwiteit						
Aandeelhouersfondse		R'm	**26 094**	23 176	13	25 581
Kapitaaltoereikendheidsverhouding		%	**30**	34		31
Netto batewaarde per gewone aandeel		sent	**22 511**	20 044	12	22 061
Aandeleprys		sent	**83 500**	109 490	(24)	129 999
Markkapitalisasie		R'm	**96 549**	126 600	(24)	150 314
Aantal uitgereikte aandele		'000	**115 627**	115 627	–	115 627
Aandeelopsies						
Aantal uitstaande		'000	**496**	549	(10)	491
Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele		%	**0.4**	0.5		0.4
Gemiddelde uitoefeningsprys		sent	**83 368**	65 218	28	70 889
Gemiddelde tyd tot vervaldag		maande	**28**	23		21
Bedrywighede						
Takke			**863**	834	3	864
Werknemers			**14 738**	13 923	6	14 590
Aktiewe kliënte		'000	**14 681**	12 575	17	13 887
OTM's en kontanthersirkuleerders						
Eie			**2 379**	2 199	8	2 388
Vennootskap			**3 378**	3 110	9	3 264
Totale			**5 757**	5 309	8	5 652
Kapitaalbesteding		R'm	**494**	804	(39)	1 403
Kredietverkope						
Waarde van kredietkaartuitbetalings/-onttrekkings		R'm	**4 701**	4 268	10	9 934
Waarde van termynlenings toegestaan[(3)]		R'm	**6 303**	13 424	(53)	28 809
Waarde van kredietfasiliteituitbetalings/-onttrekkings		R'm	**178**	344	(48)	651
Waarde van toegangsfasiliteituitbetalings/-onttrekkings		R'm	**1 479**	–		–
Waarde van verbandlenings toegestaan		R'm	**458**	–		509
Waarde van ander lenings toegestaan		R'm	**134**	–		284
Waarde van oortrekkings toegestaan		R'm	**20 722**	–		14 571
Kredietboek						
Bruto lenings en voorskotte		R'm	**73 853**	60 252	23	75 783
Op-datum	Fase 1	R'm	**46 288**	45 311	2	57 626
Op-datum met SICR	Fase 2	R'm	**4 698**	3 284	43	4 570
Totale op-datum		R'm	**50 986**	48 595	5	62 196
Agterstallig	Fase 2	R'm	**701**	856	(18)	1 200
Agterstallig	Fase 3	R'm	**2 057**	1 305	58	1 550
Totale agterstallig		R'm	**2 758**	2 161	28	2 750
Aansoek om skuldhersiening binne 6 maande	Fase 3	R'm	**74**	73	1	83
COVID-19-herskedulerings	Fase 2	R'm	**5 387**	–		–
COVID-19-herskedulerings	Fase 3	R'm	**485**	–		–
Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer)	Fase 2	R'm	**216**	–		226
Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer)[(4)]	Fase 3	R'm	**2 880**	1 009	>100	1 130
Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer)	Fase 2	R'm	**86**	–		71
Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer)[(4)]	Fase 3	R'm	**2 359**	1 496	58	1 471
Totale op-datum herskeduleer (nog nie gerehabiliteer)		R'm	**11 413**	2 505	>100	2 672
Meer as 3 maande agterstallig en regstatus	Fase 3	R'm	**8 622**	6 918	25	7 856
Totale voorsiening vir kredietafskrywings		R'm	**18 336**	12 849	43	13 740
Netto lenings en voorskotte		R'm	**55 517**	47 403	17	62 043
Dekkingsverhouding tot totale voorsiening vir krediet-afskrywings na fase 3 en fase 2 (SICR uitgesluit)		%	**80**	110		101
Terugbetalings		R'm	**20 279**	20 199	–	58 834
Bruto kredietafskrywingskoste[(1)]		R'm	**6 561**	2 803	>100	5 737
Slegte skuld verhaal		R'm	**475**	688	(31)	1 263
Netto kredietafskrywingskoste[(1)]		R'm	**6 086**	2 115	>100	4 474
Netto kredietafskrywingskoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte (kredietverliesverhouding)[(1)]		%	**8.1**	3.6		6.3
Totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit)[(5)]		R'm	**7 706**	7 432	4	15 517
Netto kredietafskrywingskoste tot totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit)[(1)]		%	**79.0**	28.5		28.8
Deposito's en groothandelbefondsing						
Groothandelbefondsing		R'm	**2 683**	3 949	(32)	3 694
Lopende spaarrekeninge		R'm	**70 094**	50 896	38	62 582
Vastetermyn-spaarrekeninge		R'm	**39 326**	30 479	29	36 183
Buitelandse valutadeposito's		R'm	**946**	–		884

* *In 2019 het die groep slegs uit kleinhandelbankdienste bestaan*
[(1)] *Ooreenkomstig IFRS 9 word kredietafskrywingskoste op 'n netto grondslag erken vir alle lenings geklassifiseer as fase 3, wat die rente-inkomste en slegte skuld afgeskryf met R930 miljoen vir hierdie tydperk verminder (Augustus 2019: R764 miljoen)*
[(2)] *Kontant, kontantekwivalente, geldmarkfondse, termyndeposito's en ander finansiële beleggings*
[(3)] *Ná aftrekking van lenings vereffen deur leningskonsolidasies*
[(4)] *Nog nie gerehabiliteer nie – Kliënte word as gerehabiliteer beskou sodra kontraktuele betalings vir 6 agtereenvolgende maande gedoen is. Wanneer gerehabiliteer, word die lening geklassifiseer as op-datum*
[(5)] *Rente ontvang op lenings, aanvangsfooie, maandelikse diensfooie en netto versekeringsinkomste*

MM0069/A

Capitec Bank Beherend Beperk Registrasienommer 1999/025903/06 Geregistreerde bankbeheermaatskappy Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika
JSE-kode vir gewone aandele CPI **ISIN-kode** ZAE000035861
JSE-kode vir voorkeuraandele CPIP **ISIN-kode** ZAE000083838 ("Capitec of die maatskappy of die groep")
Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor YM Mouton, 5 Neutron Pad, Tegnopark, Stellenbosch 7600; Posbus 12451, Die Boord, Stellenbosch 7613

Oordragsekretaris Computershare Investor Services Proprietary Limited (Registration number: 2004/003647/07) Rosebank Towers, 15 Biermann Avenue, Rosebank, Johannesburg 2196; Private Bag X9000, Saxonwold, 2132 **Borg** PSG Capital Proprietary Limited (Registration number: 2006/015817/07)
Direkteure SL Botha (Chairman), GM Fourie* (CEO), AP du Plessis* (CFO), SA du Plessis, CH Fernandez, MS du P le Roux, V Mahlangu, TE Mashilwane, NS Mashiya* (CRO), JD McKenzie, DP Meintjes, PJ Mouton, CA Otto, JP Verster. *Uitvoerende

Hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure. Dit is slegs 'n uittreksel en opsomming van die volledige inligting wat op SENS verskyn, asook die Capitec Bank webwerf. Hierdie aankondiging is nie geoudit nie en bevat nie die volledige besonderhede nie. Beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorsig van die volledige SENS-aankondiging. Elektroniese afskrifte van die volledige aankondiging kan teen geen koste aangevra en verkry word by die maatskappy by InvestorRelations@capitecbank.co.za sowel as by PSG Capital.

capitecbank.co.za